



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Eresaluut - Die Afrikanerbond 100 jaar* p3
- ◆ *Konstitusionele krisis op hande?* p4
- ◆ *Rasbeleide word remfaktor vir ekonomiese groei* p6
- ◆ *Nog fopnuus - Die keer oor boere* p7
- ◆ *Christen demokrasie in die samelewing* p9
- ◆ *Afrikaner Erfenisse : Wees betrokke* p13
- ◆ *Dit is Broerskap* p15
- ◆ *Broederskap—Die AB se Eeufeesgeskiedenis* p17

Woord deur die Voorsitter

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad

Saam met die skouspelagtige natuurverskynsel – die bloedmaan - enkele dae gelede is hierdie jaar ook die herdenking of terugdink aan verskeie besondere mylpale wat bereik is. Baie daarvan het 'n groot invloed op Suid-Afrika en ook op die Afrikanerbond gehad. Ons het moontlik ons kwota nostalgie en die herlewing van die Afrikanerbond se prestasies by die Bondsraad opgebruik en die realiteite van die huidige Suid-Afrika waaraan die Afrikanerbond meedoen klop elke dag dringender aan ons deur.

Prof. Johan Heyns, onbeskaamd 'n trotse lid van die Afrikaner Broederbond sou vanjaar op 27 Mei 2018, sy negentigste verjaardag vier. Hy is egter op 5 November 1994, toe steeds lid van die Afrikanerbond, en ook ondervoorsitter van die Uitvoerende Raad van die Afrikanerbond, deur 'n skerpskutter vermoor in sy eie huis in Waterkloofrif waar hy in die teenwoordigheid van sy vrou Renee kaart gespeel het met sy kleinkinders. Sy moordenaar is nooit gevang nie.

My blootstelling aan prof. Heyns was hoofsaaklik weens sy duidelike skrifgefundeerde uitsprake oor Godsdienst en etiek en het ek weens my betrokkenheid by Reproductiewe Biologie en mediese ingryping in kinderlose huwelike naarstigtelik gesoek na etiese duidelikheid oor waar lewe begin en wat sou aanvaarbare praktyk wees, ook waar 'n derde persoon weens mediese redes in die huwelik ingetrek word. Die wetenskap het in die laat tagtigs en vroeë negentigs op hierdie wetenskaplike veld die kerk en wetgewende interpretasie en uitsprake ver vooruit gegaan, mites ontmasker en was daar 'n geskarrel na riglyne. By Prof. Heyns was daar altyd duidelike en onaanvegbare, Bybelse gefundeerde uitsprake in die verband en het hy ook gereeld sodanig sy uitkyk aan die hoogs aktuele Mediese etiese komitee van die Afrikanerbond gegee. Ek heg met vertroue groot waarde aan sy uitsprake en het die grootste waardering vir sy insig ook aan die Afrikaner.

Prof. Heyns sal altyd onthou word vir sy streng Calvinistiese geloofsoortuiging, sy absolute oortuiging dat die beleid van apartheid sonde was, ook dat as jy 'n trein wil stop jy op die trein moet wees en dat as jy as brug dien, moet jy weet dat mense oor jou gaan stap. Hulle gaan op jou trap. Indien dit nie gebeur nie dan is jy nie 'n effektiewe brug nie.

(Vervolg op p2)

**As Afrikaners bou ons saam aan
die toekoms van Suid-Afrika**



Woord deur die Voorsitter (verv)

Ons bereik nou die einde van die openbare verhore oor die moontlike wysigings aan artikel 25 van die grondwet oor onteiening sonder vergoeding. Daar was nog nooit 'n meer vrugbare teelaarde vir haatspraak en rassisme deur 'n regering geskep as hierdie geleentheid nie. Suid-Afrikaners is uitmekaar geskreeu en rewolusionêre slagspreuke het die deel van elke dag geraak en verhore totaal oorheers. Daar is 'n paar duidelike afleidings wat ons uit hierdie gebeurtenisse moet maak, deeglik kennis neem van medeburgers se motiewe en siening van die toekoms, nugter daaroor dink en beplan indien ons verantwoordelike burgers van hierdie land wil en bly wees. Ons is op hierdie trein. Net ons weet hoekom en hoe ons op hierdie trein geklim het. Ons het selfs die brug gebou vir ander om oor te klim op hierdie trein. Ons het 'n nuwe treindrywer op 'n ou spoor, die stoomdruk en die temperatuur styg en steeds word daar kole gegooi. Die kondukteur in die agterste wa waai uitbundig sy rooi vlag, nie seker wat die boodskap daarvan is nie en ook nie seker of

Daar was nog nooit 'n meer vrugbare teelaarde vir haat spraak en rassisme deur 'n regering geskep as hierdie geleentheid nie. Suid-Afrikaners is uitmekaar geskreeu en rewolusionêre slagspreuke het die deel van elke dag geraak en verhore totaal oorheers.

die drywer die boodskap reg interpreteer nie. Tim du Plessis skryf in Rapport die afgelope Sondag dat met die vorige drywer aan die stuur was dit 'n uitgemaakte saak dat hierdie trein “*volspoed aan't voortstoom: Next stop Zimbabwe. Of Venezuela.*” Is daar 'n koersaanpassing? Die tyd sal leer.

Die eerste spontane terugvoer of reaksie van persone wat hierdie verhore bygewoon het was deurgaans: “*Ek het nog nooit soveel haat en vyandigheid in een vertrek ervaar nie.*” Krediet moet gegee word aan die voorsittende beamptes wat onder moeilike omstandighede die taak wel suksesvol uitvoer. Wat geweldig bemoedigend het was die koelkop beredeneerde standpunte van hoofsaaklik grondeienaars, ver in die minderheid maar met statigheid en waardigheid bykans wanhopig, en afgemete gewys het op suksesse wat wel behaal is en behaal kan word. Daar is verwys na ekonomiese realiteite en die onteenseglike bydraes dat daar wel werkbare realistiese alternatiewe is wat tot voordeel van almal in Suid-Afrika kan en hopelik gaan wees. Dit blyk egter nie die geur van die maand te wees nie.

In skille kontras daarmee was die vlak argumente van die oorgrote meerderheid gebaseer op ras, slagspreuke, politieke opportuniste, rewolusie en geweld wat verkondig is en wilde luide aantygings soos diene en verkragters het dikwels 'n koor van steun ontlok. Soos dikwels ervaar tydens die WVK verhore, was slegs die einde van verbeelding, die grense vir toelaatbare uitsprake. Dit het soms onwerklik gevoel dat ons reeds in die 21 ste eeu was, en volgens sommige reeds 25 jaar in 'n volle demokratiese bestel met al sy konsekwensies wat van 'n moderne demokrasie verwag word.

'n Deurtrapte krimineel wat skuldig bevind is van tientalle klagtes van veediefstal en geweld en gevolglik van sy kortstondige diens en verblyf op 'n plaas beëindig is, kon met 'n vuiswaaiende dreigement aankondig dat hy sy grond gaan terugneem waarvandaan hy afgesit is. 'n Waardige bejaarde man wat moeilik deur die mensmassa en tou, maar vasberade om sy stem te laat hoor, uiteindelik by die ingang kom, is aangesê om sy kiere in die bakkie te gaan bêre maar by die vergadering is pyle en boë as noodsaaklik geag om die regte boodskap oor te dra. Daar is dikwels met groot entoesiasme vertel hoe mense lank voor Van Riebeeck die grond bewerk het en geboer is, maar geen historiese tekens van enige grond wat omgedolf, primitiewe damme, of selfs 'n wiel wat daar gerol het gevind kan word voordat ossewaens nie die grond kom versteur het nie. By die meeste van hierdie verhore het ek die indruk gekry het dit selfs nie meer gegaan oor die verandering van artikel 25 van die grondwet nie maar meer nog, is die grondwet in sy totaliteit verwerp. Die uitspraak oor die openbare verhore moet aan die einde van Augustus 2018 bekend gemaak word. Dit is moeilik om te glo dat dit saam met die magdom skriftelike voorleggings in hierdie kort tydperk voltooi kan word en is daar reeds sterk sprake dat hierdie keurdatum sal moet verskuif. Die uitslag sal egter duidelik die rigting waarheen hierdie grondwet op pad is aan dui.

Dit is steeds nie duidelik wat die doel van die verhore is, anders as bloot klimaatskepping vir besluite wat onder druk geneem moet word vir politieke oorlewing deur 'n party wat die land in die grond ingeboer het nie.

Dit is steeds nie duidelik wat die doel van die verhore is, anders as bloot klimaatskepping vir besluite wat onder druk geneem moet word vir politieke oorlewing deur 'n party wat die land in die grond ingeboer het nie. Dit is bevestig deur die aankondiging van President Ramaphosa dat die ANC wel die grondwetlike wysiging gaan steun. Hierdie aankondiging kom reeds voordat die openbare verhore afgehandel is en daar nog nie

(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

eers behoorlik gekyk is na die skriftelike terugvoere wat aan die komitee in die Parlement gestuur is nie. Dit wil al meer lyk asof Suid Afrika in 'n oorlewingstryd geraak het, die tekens is selfs daar dat dit 'n noodsituasie is wat hierdie desperate aankondigings noep, strydig met Internasionale norme en selfs in weerwil van 'n ernstige waarskuwing van die Internasionale Monetêre fonds (IMF) op dieselfde dag. Die vryheid waarna ons strewe, wat ons ook 25 jaar aan ander gebied het, word nou deur daardie selfde persone gebruik word om ons vryheid af te neem. Hoe het ons nie agteruit geboer in 'n land dat Suid-Afrikaners se grondwetlike regte eensydig en onverantwoordelik deur magshebbers in Luthuli Huis opgeskort word nie..

Die blootstelling aan hierdie verhore het bykans geen persoon onveranderd gelaat nie. Aan die een kant ontnugtering, teleurstelling en woede, aan die ander onrealistiese verwagtinge, afwagting en verwaandheid en êrens in die middel 'n geestesverdieping, 'n erkenning van afhanklikheid van die Skepper en 'n opregte soeke na die waarheid en geloof dat Hy regeer. Dit is nou maar Afrika, dis nie vir sussies nie.

Die Afrikanerbond is ook op hierdie trein en êrens in een van die talle kompartemente. Verseker nie in die een waar ore en oë toegedruk word in magtelose afwagting van waar hierdie trein gaan stop nie. Ons weet egter self nie of dit wel moontlik met 'n skrilte fluit in 'n nuwe stasie kan instroom nie waar 'n orkes al geruime tyd op die perron ons inwag nie en of dit wel die eindbestemming is, of ons daar tuis gaan voel, en of ons voortgaan nie, en as ons voortgaan, is dit moontlik met 'n ander rytuig? Daar mag ook moontlik langs die pad van die waens afhaak wat nie by hierdie spoed na die onbekende kan byhou nie en selfs kan ontspoor.

Die Afrikanerbond het getrou aan sy onderneming en in opdrag van die Bondsraad besluit die pad van dialoog as een opsie terdê ontwikkel en ook met ander lede van die Ad hoc komitee vir die beskerming van eiendomsreg wye gesprek bly voer. Hierdie gesprekke het leiers vanuit verskeie groeperings, rasse en kulture ingesluit, ook naburige state en buiteland en het geweldige steun gekry ook vir die voorstelle en beginsels wat die Afrikanerbond ingeneem het maar ook ander geïnisieer het.

Hoe het ons nie agteruit geboer in 'n land dat Suid-Afrikaners se grondwetlike regte eensydig en onverantwoordelik deur magshebbers in Luthuli Huis opgeskort word nie.

Die Ad hoc komitee saam met al sy lede en lede organisasies bied 'n Nasionale konferensie in Pretoria aan op 6 September 2018 oor grond, oor eiendomsreg en alternatiewe oor eiendomsreg en wat die broodnodige aksies vir die toekoms gaan wees. Lede wat hierdie geleentheid wil bywoon kan met die kantoor kontak maak om teenwoordigheid te bevestig en meer inligting oor die program en plek te kry. Om die trein te stop sal ons op die trein moet wees. My beste wense aan die Goue Leeus vir die reuse taak wat die eerste naweek van Augustus 2018 vir hul inhou. Maak ons trots. Wees sterk ❖

Afrikanerbond Eresaluut - 100 jaar

Die Afrikanerbond het in tye soos nou baie om te doen vir die toekoms. Wees Sterk en bemoedig mekaar.

Jou swakpunt is jou kragpunt. Die toekom is nie hopeloos nie, maar eindeloos hoopvol. "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees" 2 Korinthiërs 12:9.

Hiermee 'n eresaluut aan die Afrikanerbond by geleentheid van die bestaan van 'n eeu.

By geleentheid van die merkwaardige getal van 100-jaar van bestaan.

Mag die vriendskap wat die Broers smee, versterk word op die toekoms pad.

Vivat – mag die vriendskap groei in lewenskrag.

Crescat – mag die vriendskap toeneem in groeikrag.

Floreat – mag die vriendskap bloei in trefkrag.

Die toekoms is nie hopeloos nie, maar eindelose Hoop.

Pieter Bingle.

Kaapstad. ❖

Konstitusionele krisis op hande?

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad

Grondwetwysiging

Die aankondiging laat gisteraand deur mnr Cyril Ramaphosa, ANC president, dat die ANC grondwetwysigings gaan deurvoer om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak kan nie 'n skok vir iemand wees nie.

Dit is lankal reeds duidelik dat die ANC met sy rug teen die muur staan wat grondhervorming en ander beleidsaspekte aanbetref. Dekades se wanbestuur, mislukkings, korrupsie, beleidsomekerings, ideologiese verwarring en verwerping van enige goedbedoelde advies en duidelike en bewese grondvoorstelle het die ANC in 'n posisie geplaas waaruit hy nie meer kan ontsnap nie. Die enigste ontsnaproete is om 'n moontlike konstitusionele krisis te skep deur wysigings aan die Grondwet aan te bring. Ongelukkig kan niemand se versekeringe dat dit nie groter onsekerheid of ekonomiese ramspoed sal bring nie, geglo word nie.

Deur onbevoegdheid is die enigste ontsnaproete om 'n moontlike konstitusionele krisis te skep deur wysigings aan die Grondwet aan te bring. Ongelukkig kan niemand se versekeringe dat dit nie groter onsekerheid of ekonomiese ramspoed sal bring nie, geglo word nie.

Die ANC se vermoë om suksesvol grondhervorming binne 'n raamwerk van onteiening sonder vergoeding te doen word deur sy eie rekord van regering ondermyn. Enige grondwetwysiging gaan 'n bal aan die rol sit om ander mislukkings ook met verdere wysigings te verdoesel.

Dit is werklik verstommend jammer dat mnr Ramaphosa sy eie integriteit op die spel plaas om die ANC te probeer red. Met hierdie besluit het die ANC alle ondernemings en versekeringe tot niet gemaak en parlementêre prosesse gesystap en futiel gemaak. Tradisionele leiers moet ook nie meer te seker wees van enige ondernemings wat op 'n kantlyn aan hulle gemaak is nie.

Wat duidelik geword het met die aankondiging is dat die ANC 'n onomkeerbare proses van politieke herskikking begin het om mnr Malema en die EFF aan boord te bring. Hiermee word 'n boodskap aan elke Suid-Afrikaner gestuur dat geen waarborg in die grondwet meer veilig is nie, want politieke belang weeg swaarder as konstitusionele belang en grondwetlike regte en waardes. Eiendomsreg is die eerste grondwetlike reg om te sneuwel.

Politieke herskikking van die hele politieke landskap is nou onafwendbaar. Die ANC en sy politieke kornuite het gekies om die Vryheidsmanifes met sy verouderde waardes en ideale bo die Grondwet te stel. Ons politieke herskikking gaan nou duidelik wys op die Vryheidsmanifes- (Charteriste) volgelinge aan die een kant en dié wat die grondwetlike waardes bevorder. Hierdie nuwe patriotiese en demokratiese front ten gunste van die Grondwet kan nie anders as om oor ou en gevestigde politieke lyne te beweeg en die Suid-Afrika te bevorder wat in 1994 voorsien is nie, en dit sal parlementêre en buite-parlementêre instellings insluit. Ongelukkig kan die ANC nie meer deel wees van die ideaal nie.

Die gesprekke rondom grond en hervorming is nou bloot 'n politieke speelbal want die uitlatings wat gemaak word strook nie met beskikbare feite nie.

Integriteit oor gesprekke

Weens die onvermoë van die huidige Regering om Grondhervorming af te handel in die gees van die onderhandelde skikking het hierdie kwessie nou 'n politieke speelbal geword wat handuit ruk, dit word misbruik vir politieke mag, ideologiese agendas en ander duistere motiewe. Die blote feit dat die gesprekke om grond en die poging om die grondwet te verander gebaseer word op 'n nuwe rassegrondslag, verbuiging en verandering in die grondwet, leuens

en persepsies i.p.v. feite wek dit kommer oor die motief en kan verrykende gevolge inhou. Die gesprekke rondom grond en hervorming is nou bloot 'n politieke speelbal want die uitlatings wat gemaak word strook nie met beskikbare feite nie. Verskeie kommentators en veral ekonome spreek al vir lank die kommer uit dat vrees om 'n verkiesing te verloor, die ANC sal dwing om populistiese uitsprake en beleidsraamwerke te bevorder in 'n poging om kernkiesers te behou.

Ekonomiese realiteite wat insluit kedietgradering verlagings, gebrek aan groei, hardnekkige hoë werkloosheid en geweldige skade aan die reputasie van Suid-Afrika deur staatskaping, korrupsie en gebrekkige diensle-

(Vervolg op p5)

Konstitusionele krisis op hande? (verv)

wering dra alles by tot die persepsie dat die regering nie ernstig is oor 'n suksesvolle en volhoubare ekonomiese model nie.

Daar is van die begin af gewaarsku dat onteiening sonder vergoeding en 'n verandering aan Artikel 25 van die grondwet, onvoorsiene en rampspoedige ekonomiese gevolge gaan inhou. Die oppervlakkige versekeringe dat die ekonomie nie geskaad moet word nie, skiet ongelukkig ver te kort. Die realiteit is dat die ekonomie reeds steier onder tekortkominge en beleidsonsekerhede. Die skielike ommeswaai oor die gronde onder beheer van tradisionele leiers verhoog die druk binne die politieke drukkoker en skep net nog meer onsekerheid en nog meer polarisasie. Tereg word dit deur kommentators uitgelig as dat die potensiaal vergroot word om die "groter herverdelingskwessies skeef te trek."

Die oppervlakkige versekeringe dat die ekonomie nie geskaad moet word nie, skiet ongelukkig ver te kort. Die realiteit is dat die ekonomie reeds steier onder tekortkominge en beleidsonsekerhede.

Groot gewag is in die laaste ruk gemaak van die openbare deelname prosesse. Meer as 700 000 voorleggings en kommentare is by die parlement ingedien en duisende Suid-Afrikaners het die openbare vergaderings wat in Junie begin het waartydens verdere kommentaar gelewer kan word oor die moontlike wysiging aan die eiendomsklousule in die Grondwet om grondonteiening sonder vergoeding moontlik te maak bygewoon. Hierdie veldtog is hoofsaaklik gedryf deur die ANC en die EFF waarin grondbesit op die

altaar geplaas is as 'n verkiesingsfoefie. Die aanvanklike besware oor die aannames om die prosesse te regverdig naamlik die "diefstal van grond" en ongeloofwaardige grondoudits is afgemaak as "rasretoriek."

Vuisvoos Suid-Afrikaners is in die proses soos lammers ter slagting geneem. Die skielike ommeswaai en versekeringe dat tradisionele gronde nie geraak sal word nie is moeilik verteerbaar en moet ons aanvaar dat die ANC en die regering in hierdie hele proses swaar steun op die laaste troefkaart, naamlik ras. Die grootste rasgedrewe proses sedert apartheid naamlik onteiening van grond op 'n rasbasis is onafwendbaar. Hernude rasse verdeling gebaseer op ons en julle, ver verwyder van die gees van die aanvaarding van die grondwet is die gevolge van die laaste paar dae se eensydige uitsprake en versekeringe aan tradisionele leiers. Die diep gewortelde haat en drang na vergelding wat die EFF begin het, is ter wille van korttermyn politieke oorlewing net so deur die ANC oorgeneem.

Tydens ons onlangse Bondsraad op 7 Junie 2018, sê president Ramaphosa *"If well handled, land reform will help bind the nation together and produce benefits for everyone. If badly managed, it will simply re-distribute resentment, damage the economy and destroy social peace. If not undertaken at all, the country will remain divided at its heart."* Met die skielike ommeswaai oor die versekeringe aan tradisionele leiers dat daar nie aan hulle grond geraak gaan word nie (Nagenoeg 13,619,421ha word nou uit enige gesprek gelaat) is dat dit 'n swak begin is vir gesprekke oor grondbesit. Die ander meer dringende aspek wat hierdie versekeringe aan die tradisionele leiers gee is dat die gronde nooit oorweeg sal word om dadelik toegang en sekuriteit van verbylf aan arm en verdienstelike mense te gee en eienaarskap van grond te registreer nie. Miljoene Suid-Afrikaners wat tans bly op tradisionele gronde word eienaarskap van die grond ontsê. Dit sou 'n betekenisvolle impak op hul lewensgehalte gehad het. Die ANC regering is duidelik nie eerlik in pogings om meer en groter eienaarskap van grond te verseker nie.

Omvattende kommentare en voorstelle wat gemaak is as opregte bydraes om Suid-Afrika suksesvol te maak word skynbaar in privaat gesprekke en politieke kouskammers geïgnoreer ten einde korttermyn politieke oorlewing te verseker.

Ons moet nou vra of voortgesette deelname aan hierdie prosesse nie reeds gekompromitteer word nie aangesien dit duidelik is dat besluite reeds geneem is of op ad hoc basis geneem word. Omvattende kommentare en voorstelle wat gemaak is as opregte bydraes om Suid-Afrika suksesvol te maak word skynbaar in privaat gesprekke en politieke kouskammers geïgnoreer ten einde korttermyn politieke oorlewing te verseker. Dit kan geen twyfel laat dat die grondwet, die gees van die aanvaarding van die grondwet tans in 'n baie brose fase is wat 'n negatiewe effek vir nasiebou en sosiale kohesie inhou nie. Rasgedrewe onteiening waarin wit gronde geteiken gaan word, is onafwendbaar mits daar met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid gehandel gaan word. Die optredes en uitsprake die laaste paar dae maak ons egter onrustig. Ons grondwet wat nie-rassigheid as waarde voorhou kan die slagoffer word van een van die grootsste rasgedrewe projekte wat ooit in die geskiedenis van die nuwe demokrasie die lig gesien het. ❖

Rasbeleide word remfaktor vir ekonomiese groei

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

“Suksesvolle bemagtiging is die produk van eie inisiatief en harde werk sonder enige regeringsbystand. In Suid-Afrika, soos in talle lande met regstellende ekonomiese programme, is die ontvangs daarvan oor die algemeen uiters ongunstig. Die les wat daaruit te leer is, is dat sulke programme skadelik vir die ekonomie is omdat dit intellektuele en finansiële hulpbronne, wat werkgeleenthede kan skep, van ekonomiese aktiwiteite vervreem.”

Die oorsake van die sosiaal-ekonomiese ongelykhede van Suid-Afrika kan veel eerder toegeskryf word aan die ekonomie se rommelstatus en die hoë werkloosheidsyfer.

By die lees van die bogenoemde paragraaf, is die eerste indruk dat dit uit die mond van 'n wit persoon kom. Die gedagtes is egter in 2017 geopper in 'n toespraak deur mnr. Temba Nolutshungu, Direkteur van die Vryemarkstigting,. Hy sê dan verder “Die oorsake van die sosiaal-ekonomiese ongelykhede van Suid-Afrika kan veel eerder toegeskryf word aan die ekonomie se rommelstatus en die hoë werkloosheidsyfer. Ekonomiese groei word juis bevorder wanneer 'n regering sy inmenging in die ekonomie tot die minimum beperk en eerder 'n klimaat skep waarbinne die private sektor welvaart en werkgeleenthede kan bevorder.”

Juis dit alleen kan 'n antwoord wees op die president mnr Cyril Ramaphosa se siening oor regstellende aksie toe hy onlangs die Bondsraad van die Afrikanerbond toegesprek het. Die vertaalde weergawe van sy standpunt lui soos volg: “Albie Sachs, oudregter, het só geskryf oor regstellende aksie: “Die vraag is nie óf ons regstellende aksie moet hê nie. Ons moet, op 'n diep en betekenisvolle manier . . . Word dit reg hanteer, sal dit help om die nasie saam te bind en voordele vir almal inhou. As dit sleg bestuur word, sal dit bloot wrokkigheid herversprei, die ekonomie skaad en maatskaplike vrede vernietig. As ons dit glad nie doen nie, sal die land onontwikkeld bly en in sy hart verdeeld.” Die president bevestig dan sy regering se omarming van die beleid as hy dan sê “Terwyl ons worstel met die ingewikkelde uitdaging van transformasie, bly dié sentiment ons riglyn.”

Dr Dirk Hermann van Solidariteit omskryf Regstellende Aksie vanuit die definisie deur die Internasionale Arbeidsorganisasie as “n Samehangende groep maatreëls met 'n tydelike karakter met die spesifieke oogmerk om die posisie van lede van 'n geteikende groep reg te stel in een of meer aspekte van die sosiale lewe ten einde gelykheid te bewerkstellig.” Met die apartheid nalatenskap het die nuwe bedeling dan begin met regstellende aksie wat verder momentum gekry het deur wetgewing oor gelyke indiensneming en Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) om die verlede reg te stel. Die teorie het goed geklink, maar die praktyk het ontnugtering gebring.

Die Sogenaamde “samehangende groep maatreëls” om ekonomiese ongelykhede aan te spreek het in tyd in 'n ideologie verval wat weer ander oogmerke het anders as gelykheid, en regstelling en het eerder een van die pilare van transformasie geword wat op sy eie weer rasgebaseerd, demografiese verteenwoordiging, uitsluitend, groter ongelykheid en 'n syferspel geword wat die regering gediensdig moet wees. Dit het op sy beurt weer die weg gebaan vir ongebreidelde korrupsie, gebrekkige dienlewering, kader ontplooiing, nepotisme en staatskaping.

“Regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging (SEB) skep “nuwe vorme van ongelykheid” in Suid-Afrika en het in die doelwit misluk om swart mense toegang te gee tot die ekonomie.

Onlangse standpunte deur twee uiteenlopende organisasies bevestig dit. Rapport haal aan uit 'n verslag van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie wat voor die Parlement gedien het. “Regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging (SEB) skep “nuwe vorme van ongelykheid” in Suid-Afrika en het in die doelwit misluk om swart mense toegang te gee tot die ekonomie. Luidens die verslag is daar steeds buite verhouding min swart mense in die arbeidsmark en buite verhouding baie mans aan die stuur van maatskappye.”

'n Omvattende verslag van die Instituut vir Rasse Aangeleenthede wat op 23 Julie 2018 vrygestel is maak die bewysbare gevolgtrekking dat alhoewel daar edele doelwitte was om die ongeregthede van die verlede reg te stel het Swart Ekonomiese Bemagtiging en Gelyke Indiensneming in die meeste gevalle misluk om dit te doen. Diegene wat deur hierdie beide bevoordeel is, is meestal reeds gevorderd op die sosiale vlakke- men-
(Vervolg op p7)

Rasbeleide word remfaktor vir ekonomiese groei (verv)

se met 'n goeie opvoeding of goeie sosiale konneksies. “ Die IRR maak egter die waarneming dat daar sedert 1994 heelwat vordering gemaak is met die vermindering van armoede, maar dat dit toegeskryf kan word aan die uitbreiding van maatskaplike toelaes, eerder as die skep van geleenthede vir die meeste Suid-Afrikaners.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan is moontlik korrek as dit as vereiste gestel word dat programme soos “regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging en grondhervorming die mees effektiëste is wanneer die ekonomie groei en die onderwysstelsel verbeter.

Hoe tragies ironies die regstellende aksie beleid geword het, is ook onlangs weer gedemonstreer toe Multichoice SA, regverdiging probeer kry het vir hulle verlies van 100 000 in tekenare tenoor groeiende internet vermaakdienste en by monde van hulle korporatiewe bestuurder Jackie Rakitla gesê het “MultiChoice wil hê Netflix moet belasting in Suid-Afrika betaal, werknemers in diens neem en voldoen aan plaaslike reëls vir swart ekonomiese bemagtiging.” Alhoewel daar geldige argumente kan wees rondom belasting is dit 'n erkenning dat Suid-Afrikaanse diensverskaffers teruggehou word, minder produktief is, minder kompetend is as gevolg van die “plaaslike reëls vir swart ekonomiese bemagtiging.” In 'n ekonomie wat sukkel om te groei is dit 'n ernstige aanklag

Die grondwetkenner, Prof Marinus Wiechers het in 'n ontleding oor regstellende aksie geskryf “Regstellende aksies in al die verskeidenheid van vorme, het 'n nuwe vorm van rasse-klassifikasie ingevoer. Hierdie nuwe soort arbitrêre rasse-klassifikasie het tot 'n verskeidenheid van teenstrydighede, onregverdighede en onkonstitusionele praktyke gelei en het die effek dat waar die “Slegs vir Blankes” kennisgewings voorheen groot onmin en haat veroorsaak het, daar nou op groot skaal, op sowel publieke as private terreine, uitdruklik en geïmpliseer “Slegs vir Swartes” kennisgewings opgerig word. Regstellende aksie soos tans toegepas, en gepaardgaande “transformasie” wat 'n ongrondwetlike term is, het op bykans alle terreine van staatsbestuur 'n verlamende en negatiewe invloed gehad.”

Die Nasionale Ontwikkelingsplan is moontlik korrek as dit as vereiste gestel word dat programme soos “regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging en grondhervorming die mees effektiëste is wanneer die ekonomie groei en die onderwysstelsel verbeter. Sonder so 'n omgewing, kan hierdie maatreëls die vlak van sosiale spanning verhoog. “

Dit was 'n tydige waarskuwing, maar die Nasionale Ontwikkelingsplan het net soos ander goedbedoelde inisiatiewe op niks uitgeloopte nie. Sosiale spanning is aan die oplaai en groter polarisasie vind nog steeds plaas. Die regstellende aksie wat in 1994 deur die regering voorsien is, het presies die teenoorgestelde nadelige effek gehad en dit is dringend noodsaaklik dat faktore wat ekonomiese groei strem verwyder moet word. Tydens 'n onlangse toespraak by die Pietermaritzburg Besigheidskamer sê die politieke ekonoom Moeletsi Mbeki een van die eerste goed wat hy sou doen om die ekonomie reg te ruk benewens die verskraling van die staatsdiens “is om swart ekonomiese bemagtiging en regstellende aksie af te skaf, sodat almal kan werk volgens hul vaardighede en vermoëns. Volgens Mbeki het SEB 'n kunsmatige tekort aan vaardighede en 'n teelaarde vir korrupsie geskep.”

Dit is dus uiteindelik duidelik dat regstellende aksie lankal nie meer 'n aksie is nie maar eerder 'n remfaktor wat groei strem en meriete aan bande lê. Dit het lankal duidelik geword dat transformasie deur rasgedrewe beleide nie kan werk nie. Transformasie, net soos apartheid, is besig om 'n wurggreep op die land en sy mense te kry en dit geleidelik te vernietig. Transformasie het in sy wese en in sy diepste toepassing die sirkel voltooi na 'n nuwe vorm van apartheid. Apartheid het neergekom op rasverdeling terwyl transformasie deur sy toepassing neerkom op rasbevoordeling en rasontneming. Transformasie net soos regstellende aksie behoort nie meer deel van enige gesprek, onderhandeling of beleidstoepassing te wees nie. ❖

Nog fopnuus - Die keer oor boere

**Deur Terence Corrigan
Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV)**

Een van die algemeenste aanhalings deur Winston Churchill – 'n man wat bekend was vir sy gevatheid en taalkundige vaardigheid – is dat “'n leuen halfpad om die wêreld loop voordat die waarheid 'n kans het om sy broek aan te trek’.

(Vervolg op p8)

Nog fopnuus - Die keer oor boere (verv)

Na jare van maatskaplike spanning het hierdie gevatte gesegde vandag 'n treffende weerklank in Suid-Afrika beleef. Niemand betwis die feit dat moeilike en eerlike gesprekke noodsaaklik is vir ons samelewing om iets te kry om oor saam te stem sodat ons vorentoe toe kan beweeg nie. Grondliggend aan ons vermoë om ons weg na die toekoms te navigeer, is die behoefte aan nougesette respek vir die waarheid.

Dit het diep wortels in die manier waarop die Suid-Afrikaanse gemeenskap so dikwels voorgestel word: die beledigende, skietlustige wit plaasboer, 'n geskil oor toegang tot eiendom, die vinnige toepassing van grensgeregtigheid, en die tragiese einde. Maar dit is nie wat gebeur het nie.

Dit is dalk nêrens so belangrik as in 'n gesprek oor die dinamiek van die ekonomie van die boeregemeenskap, 'n gelaai-de onderwerp en die teken van baie politieke vyandigheid nie.

'n Goeie voorbeeld is die dekking wat aan 'n onlangse skietery in Bergville in KwaZulu-Natal, verskaf is. Volgens aanvanklike verslae, grootliks gebaseer op polisieverklarings, het 'n 80-jarige 'boer' iemand wat op sy eiendom oortree het in 'n poging om bokke terug te kry, in 'n skietvoorval beseer. Polisie-beamptes het op die toneel aangekom om die voorval te ondersoek en te ontfont, maar die 'boer' wat blykbaar sy vuurwapen op hulle gerig het, is doodgeskiet.

Op die oog af is daar iets tragies bekend aan hierdie storie propvol aanwysers van Suid-Afrika se politieke mitologieë. Dit het diep wortels in die manier waarop die Suid-Afrikaanse gemeenskap so dikwels voorgestel word: die beledigende, skietlustige wit plaasboer, 'n geskil oor toegang tot eiendom, die vinnige toepassing van grensgeregtigheid, en die tragiese einde. Maar dit is nie wat gebeur het nie.

Die eiendom waarop die 'boer' gebly het was nie 'n plaas nie, dit kan waarskynlik beter beskryf word as 'n werf, ongeveer 'n halwe hektaar groot. Die belangrikste feit in hierdie storie is dat die hoofspeler geen plaasboer in die werklike sin van die woord was nie. Soos Angus Braithwaite van die Bergville Boerevereniging aan die Instituut vir Rassebetrekkinge (IRV) uitgewys het, het die betrokke 'boer' 'n lang rekord van wisselvallige en roekelose gedrag openbaar. Hy het 'n reputasie gehad dat hy gereeld met ander lede van die gemeenskap geargumenteer het en dat hy mense met sy vuurwapen gedreig het. Sy gedrag het sterk daarop gedui dat hy gely het aan wat Braithwaite as 'geestelike uitdagings' beskryf het.

Hierdie saak eggo voorvalle wat vroeër vanjaar plaasgevind het. In Januarie het die dood van Aaron Mutavhatsidi op 'n plaas in Tarlton naby Krugersdorp met reg wye belangstelling ontvang. Mediaverslae – aan-gevuur deur die beskrywing van die saak wat deur die polisie uitgereik is – identifiseer die vermeende beskuldigde as 'n plaasboer, maar hy was in werklikheid 'n veiligheidswag.

'n Ander saak wat wye belangstelling geniet het, is die een wat openbaar het hoe 'n werker op 'n plot naby Endicott in Springs, gedwing is om ontlasting te eet. Hier is terme wat met 'boer' te doen het tot die uiterste ontplooi: 'n voorbladartikel in een koerant het nie minder nie as 13 keer die woorde 'plaas', 'plaasboer' en 'plaaswerker' gebruik om die brutaliteit van die storie te beklemtoon. Op die koop toe is bygevoeg dat hierdie "die laaste skokkende voorval in 'n reeks rassevoorvalle was wat toon wat nie alles plaaswerkers deur die toedoen van hul werkgewers moes verduur".

Vanweë die grillerige besonderhede van die verslag en die polariserende toon van verslagdoening, het ons hier by die IRV alles in ons vermoë gedoen om die omstandighede hiervan vas te stel. Dit was maklik om die woning op te spoor, en bykans net so maklik om vas te stel dat indien enige boerdery ooit plaasgevind het, dit op 'n uiters klein skaal was. 'n Motorbesigheid is op kennisgewingborde op die heining om die eiendom adverteer. Gesprekke met bure (en ook die nuusberigte) het 'n patroon van onverantwoordelike gedrag openbaar.

Op die koop toe is bygevoeg dat hierdie "die laaste skokkende voorval in 'n reeks rassevoorvalle was wat toon wat nie alles plaaswerkers deur die toedoen van hul werkgewers moes verduur".

Volgens wat ons kon vasstel, was hierdie werklik gruwelike voorvalle. Elke voorval was egter werklik uniek; daar is niks wat aandui dat as gevolg van voorvalle soos hierdie, alle plaasboere oor dieselfde kam geskeer kan word as uitbuitend en beledigend nie.

(Vervolg op p9)

Nog fopnuus - Die keer oor boere (verv)

Nieteenstaande, verslae soos hierdie veroorsaak stories waarin die *Feindbild*, (letterlik, die beeld van die vyand), van die plaasboer, buitengewoon opgeblaas word. Die wortels hiervan lê diep in Suid-Afrika se geskiedenis, maar dit word vandag steeds naarstiglik deur sekere gewetenlose politici aangemoedig.

Daar rus, of dit behoort die geval te wees, duidelike verantwoordelikheid op die skouers van mense wie se gesagsposisie onberispelike eerlikheidstandaarde en integriteit vereis.

Die vuur word ook bewustelik of onbewustelik deur gesagsfigure aangeblaas wat verkies om nie die volle besonderhede van bewiste voorvalle vas te stel voordat hulle hul monde daarvoor oopmaak nie – of wat steun op vae beskrywings dat alle mense wat buite digbevolkte voorstede woon, plaasboere is. Hulle feite mag wel nie akkuraat wees nie, maar as dit wat hulle kwytraak aanhoudend herhaal word, ‘maak dit op die ou end sin’.

Wat baie ontstellend is, is dat dit bekend gemaak word deur magsbronne – in twee gevalle, deur woordvoerders van die polisie. Daar rus, of dit behoort die geval te wees, duidelike verantwoordelikheid op die skouers van mense wie se gesagsposisie onberispelike eerlikheidstandaarde en integriteit vereis. Of hulle mislukking toevallig of doelbewus is, is van weinig praktiese waarde.

Ten tyde van die Tarltonskietery het Dan Kriek, president van Agri-SA geargumenteer dat ‘valse verslagdoening oor die voorval en swak joernalisme veroorsaak het dat plaasboere se reputasie en openbare beeld skade aangedoen is’. Die skade is egter veel erger as wat hy voorgegee het want hierdie soort waninligting dien om bestaande aannames te bevestig en te verdiep.

Sodanige ‘valse nuus’ het ’n handige politieke en ideologiese instrument geword. Die doel daarvan is tipies nie om net een storie te verwing nie, maar om verskillende stories aan te dryf of te versterk, om die polarisasie graad-vir-graad, oor ’n lang tydperk verder te vergroot. Op die ou end sal dit hul teikengehoor help om ’n sekere houding oor dinge aan te neem en persepsies te vestig.

Deur roekeloos met die waarheid om te gaan, word polarisasie verhoog en die afstande tussen ons word vergroot, so ook die vooruitsig op ’n oplossing van ons probleme. Plaasboere is glad nie meer uitbuitend as enige ander groot groep mense nie, en om ’n storie te versprei dat hulle wel so is, dra by tot Suid-Afrika se laaste en probleme. Dit maak enige eerlike gesprekke toenemend baie moeilik.

Dit is ’n prys wat ons as samelewing skaars kan bekostig – want nie alleen plaasboere nie, maar elke Suid-Afrikaner sal op die lange duur daarvoor moet opdok.

Terence Corrigan is ’n projekbestuurder by die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV), ’n dinkskrum wat politieke en ekonomiese vryheid bevorder. Die artikel wat in Politicsweb verskyn het word met vergunning van die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV) gebruik en is deur die Afrikaerbond na Afrikaans vertaal ❖

Christen demokrasie in die samelewing

**Deur Johan Mostert
Lid van die Nasionale Raad**

Die Afrikaner van drie dekades gelede is nie die Afrikaner van 2018 nie. Sy leëwêreld het radikaal verander en sy selfbewussyn het ’n ingrypende transformasie ondergaan. Die bekende historikus, Herman Giliomee, se waarneming was dat in 1994 *Afrikaner-nasionaliste nie net hulle mag verloor (het) nie maar ook die ideologie van die volksbeweging*. Nog onlangs het ’n ander geskiedkundige, Leopold Scholtz, gevra of die moderne Afrikaner die geestelike, emosionele en intellektuele krag het om hierdie verlies te bowe te kom. *Sal van hulle gesê word dat hulle in ’n krisistyd deur die smeltkroes gegaan en sterker anderkant uitgekome het? Of sal hulle saggens, soos ’n kers onder ’n maatemmer, uitgedoof word?*

Daar kan egter saamgestem word met die godsdienstwetenskaplike, Kobus Kruger, wat opmerk "Die lang nag van apartheid in enige vorm (ook religieus) is nou verby en ’n nuwe dagbreek kan voorlê met as sydelingse, maar belangrike gevolg ’n nuwe waardigheid vir Afrikaans en die behoud van die beste in die kultu-

(Vervolg op p10)

Christen demokrasie in die samelewing (verv)

rele en Christelike religieuse tradisie daaragter, en 'n nuwe skeppende bydrae tot die geheel van hierdie vasteland en die wêreld."

Die Afrikanerbond het die uitdaging van veranderde tye aanvaar. Na wye raadpleging het die Afrikanerbond op sy onlangse Bondsraad in die Paarl 'n grondslag geformuleer wat daartoe kan bydra om wél sterker aan

Sommige word verguis en verag, ander word geëer en bewonder, maar een eienskap het alle leiers in gemeen - elkeen is gedryf deur 'n idee.

die ander kant uit te kom. Die gaping van 'n "verlore" ideologie waarna Giliomee verwys, kan gevul word deur 'n gedagterigting wat wêreldwyd aanhang geniet maar tot op hede deur Afrikaners oor die hoof gesien is – wat vreemd is omdat veral nasionale Afrikaners in die verlede maklik daarby aansluiting sou kon vind. Hierdie gedagterigting is die van die Christen demokrasie (CD)*.

Om te verstaan waarom die Christen demokrasie (CD) 'n aantreklike opsie vir soekende Afrikaners is, word kortliks gekyk na die historiese agtergrond. Dit is algemeen om prominente figure in die geskiedenis te identifiseer as die drywers wat die verloop van die geskiedenis rigtinggewend beïnvloed het. Hulle was die praktiese mense, die leiers wat gedoen het en dinge laat gebeur het. Sommige word verguis en verag, ander word geëer en bewonder, maar een eienskap het alle leiers in gemeen - elkeen is gedryf deur 'n idee. Voordat hulle gedoen het, was die idee daar. Idees is onlosmaaklik gekoppel aan wat op die grond gebeur.

Daar word soms gevra, waarom soveel tyd bestee aan abstrakte teoretiese gedagtes? Die geskiedenis gee die antwoord. In die vorige eeu sien ons die krag van idees, ingeklee as ideologie, in die praktyk duidelik geïllustreer. In die 1930's het miljoene mense hulle agter nasionaal-sosialisme en Fascisme geskaar. Hulle is kragtig meegevoer deur 'n groot idee. Daardie idee het uiteindelik gelei tot die verlies van miljoene menselewens in die Tweede Wêreldoorlog.

Dit het miljoene menselewens geëis om die idee van Marxisme - die kommunisme - in die USSR en later ook sy satelliete, te vestig. In die jare na WO II was die mededinging tussen ideologieë intens. Miljoene mense het die lewe gelaat in Sjina en in konflikte in die derde wêreld om kommunisme te vestig, konflikte wat in wese ideologiese botsings tussen die idee van vryheid en die idee van totalitarisme was. Die krag van idees kan nie ontken word nie.

'n Uitstaande voorbeeld van die impak van ideologie met 'n besondere relevansie vir Afrikaners en ook vir Suid-Afrika, is Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog in 1945. Die sektor aan die oostekant van die land wat na die oorlog deur Rusland beheer is, is omskep tot die Duitse Demokratiese Republiek (DDR), 'n land waarin kommunisme met uiters streng dissipline toegepas is. Dit het gelei tot 'n onmededingende grys eenselwigheid waarin inwoners basiese vryhede en burgerregte ontnem is. Die DDR het saam met die USSR oor die agtergrond van die geskiedenis verdwyn.

Aan die westekant, in die sektore wat deur die Geallieerdes na die oorlog beheer is, het 'n ander scenario ontplooi. Die leiers het die werklikheid vierkantig in die oë gekyk en besluit om alles in die stryd te werp om Duitsland weer te herbou. Die land was fisies geruïneer. Die ekonomie was daarmee heen. Die ideologie wat die bevolking voor die oorlog geïnspireer het, was totaal gediskrediteer. Die bevolking was geestelik platgeslaan. Daar was geen voor die hand liggende groot idee om die mense aan te gryp en te inspireer nie.

Wat was die heel basiese verskil tussen Oos- en Wes Duitsland? Dit: uiteenlopende abstrakte idees en teorieë – of ideologieë/filosofieë - wat in die praktyk neerslag gevind het.

Dit was onder hierdie omstandighede dat leiers soos Konrad Adenauer en Ludwig Erhardt die stang vasgebyt het en Christelike en demokratiese idees in 'n samehangende geheel, die Christen demokrasie, saamgesnoer het om die mense van Wes-Duitsland uit die modder van mismoenigheid te lig. Wat was die resultaat? Die Wes-Duitsers het 'n nuwe vastigheid gehad. Hulle het 'n sistematiese raamwerk of model gehad van waarheen hulle wou met die staat, die ekonomie en die gemeenskap. En hulle het Wes-Duitsland uitgebou tot 'n model konstitusionele staat met 'n lewenskragtige ekonomie.

Wat was die heel basiese verskil tussen Oos- en Wes Duitsland? Dit: uiteenlopende abstrakte idees en teorieë – of ideologieë/filosofieë - wat in die praktyk neerslag gevind het.

(Vervolg op p 11)

Christen demokrasie in die samelewing (verv)

Die CD filosofie wat veral in Duitsland en Nederland met groot sukses uitgebou is, was so suksesvol dat dit dwarsoor die wêreld navolging gevind het. Tans is die Centrist Democrat International (voorheen die Christen Democrat International) die tweede grootste groepering van politieke partye in die wêreld naas die Socialist International. Die Group of the European People's Party (Christian Democrats) is tans een van die sterkste politieke groeperinge in die Europese Parlement. Die Duitse model van die CD is egter nie oraloor klakkeloos oorgeneem nie. In Europa word Christen demokratiese partye byvoorbeeld as sentrum-regs beskou terwyl talle Christelik demokratiese partye in veral Suid- en Sentraal Amerika as sentrum-links gesien word.

Baie Afrikaners is vandag soekend na sin en betekenis. Hulle ervaar geen koersaanduiding of saambindende motief nie.

Soos die Duitsers na die Tweede Wêreldoorlog, staan Afrikaners voor 'n ideologiese leegheid – 'n gebrek aan rigting en 'n gebrek aan 'n groot idee. Die liniêre momentum van hulle narratief, hulle storie van bykans vierhonderd jaar, het in 1994 ontspoor. Waar hulle eers die hoofstroom was, staan hulle nou voor die uitdaging om as 'n op- die-syspoo-gerangeerde groep 'n ongekarteerde koers in te slaan midde in 'n radikaal veranderde omgewing.

Dit is egter nie net die eksterne omgewing wat verander het nie. Afrikaners self het ook verander. Die grootste gros dink en doen anders. Hulle het weg beweeg van dit wat tradisioneel as merkers van Afrikaner identiteit beskou is. Daar kan met Danie Langer van die FAK saamgestem word wanneer hy sê: *Sedert die laat sewentigerjare het Afrikaners langamerhand begin om weg te beweeg van die Christelik-nasionale denkraamwerk as grondslag vir aktiwiteite.*

Hierdie wegbeweeg van die tradisionele verstaan van wesenlike ankerpunte het egter 'n geestelike en intellektuele vakuum geskep. Baie Afrikaners is vandag soekend na sin en betekenis. Hulle ervaar geen koersaanduiding of saambindende motief nie. Dit is in hierdie verband dat die CD benadering 'n kritiese leemte kan vul deur 'n denkraamwerk te verskaf wat optrede op staatkundige, ekonomiese en burgerlike terreine kan onderlê.

Die gebruik van die konsep Christen demokrasie is nie maar 'n blote poging om weg te beweeg van Christelik-nasionaal en die assosiasie met apartheid nie. Dit is 'n *diepliggende kwalitatiewe verskil* wat deeglik onder oë geneem moet word. Dit kan met 'n hoë mate van sekerheid gesê word dat Afrikaners by 'n waterskeiding is. Hulle neem afskeid van 'n manier van dink van die verlede. Dit moet vervang word deur 'n denkraamwerk wat rigting kan bied vir die realistiese hantering van hedendaagse uitdagings. Dit is waar die CD 'n antwoord bied.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie verskuiwing na die CD nie beteken dat 'n splinternuwe ideologie van elders af ingevoer word nie. Die hoofstroom Afrikanerdenke was nog altyd gegrond in die Christelike en die demokrasie het nog altyd 'n rol gespeel in sy politieke benadering. Tye het egter dramaties verander. Die oue soos verteenwoordig deur Christelik-nasionaal, het onhoudbaar geblyk. Daarom 'n Christen demokratiese benadering wat die breë konsepte van die verlede vernuwend aanpas.

Wat is CD? Dit is 'n *denkraamwerk* wat strewe na 'n demokratiese gemeenskap, geïnspireer deur Christelike waardes. Dit is geanker in die Christelike beskouing van die mens en sy verantwoordelikheid teenoor God en sy medemens.

Waarin is die verskille tussen die CD en Christelik-nasionaal geleë?

Die Christelik-nasionale benadering se oogmerk was die verchristeliking van die gemeenskap en die staat. 'n Prominente kultuurleier van destyds, Wimpie de Klerk, het die strewe so gestel: *Daarom is die kortste samevatting vir ons lewensopvatting en wêreldbeskouing Christelik-nasionaal....wat beteken dat ons die nasionale in al sy geleidinge stel onder die leiding en bestraling van die Christelike.* Van die staat is destyds verwag dat die Grondwet die Drie-enige God moet bely en dat die Parlement met die Christelike gebed geopen moet word. Boeke wat nie gestrook het met Christelike beginsels nie is deur die staat in die ban gedoen. Die openbare uitsaaiër was die draer van die Christelike godsdiens.

Die hoofstroom Afrikanerdenke was nog altyd gegrond in die Christelike en die demokrasie het nog altyd 'n rol gespeel in sy politieke benadering.

Die konsep Christelik-nasionaal het ook in die spervuur beland weens beskuldigings dat kerk en politiek daardeur te nou ineen geweef is. Smalend is na die kerk verwys as die Nasionale Party in gebed.

(Vervolg op p 12)

Christen demokrasie in die samelewing (verv)

Die Christelik-nasionale benadering was in 'n hoë mate geskoei op die aanname dat Suid-Afrika 'n betreklik homogene bevolking met 'n hoë mate van 'n gemeenskaplike godsdienstige oriëntasie was. 1985 was egter 'n keerpunt. In sy outobiografie skryf die voormalige President, FW de Klerk, die volgende oor die sogenaamde Rubicon toespraak: *PW Botha het in werklikheid aangekondig dat die regering besluit het om die beleid van groot apartheid, wat 25 jaar tevore so noukeurig deur Hendrik Verwoerd ontwerp is, te laat vaar. Hy het erken dat swart en wit 'n gemeenskaplike burgerskap deel ...*

Waar hoofstroom Afrikaners in die verlede die Republiek van Suid-Afrika as 'n Christelike staat beskou het, is hulle nou voor die realiteit gestel dat Suid-Afrika sedert 1994 'n sekulêre staat is.

Dit was 'n grondverskuiwende ommekeer. Suid-Afrika is meteens beskou as 'n plurale gemeenskap, hoewel meeste mense dit nie op daardie stadium beseef het nie. Mense en denkrigtings wat voorheen as buite die sisteem geag is, sou in die toekoms gelykberegtig moes word in 'n eenheidstaat. Dit het finale beslag gekry in die Grondwet van 1996.

Waar hoofstroom Afrikaners in die verlede die Republiek van Suid-Afrika as 'n Christelike staat beskou het, is hulle nou voor die realiteit gestel dat Suid-Afrika sedert 1994 'n sekulêre staat is. Die

noue band tussen staat en kerk is verbreek.

Die *Christen nasionale* model sou hierdie sprong nie kon hanteer nie; die *Christen demokrasie* met sy erkenning van demokratiese pluralisme wel. Dit skep die moontlikheid van 'n groter inklusiewe benadering. Christen demokrasie is nie 'n eksklusiewe filosofie nie. Basiese beginsels word wyd gedeel met miljoene ander in die wêreld. Binne daardie raamwerk word 'n geleentheid geskep vir kultuurgroepe om 'n eie identiteit te vorm en te ontwikkel.

Die Christen demokratiese benadering is op die werklikheid van 'n veranderde Suid-Afrika geskoei. Dit het meegebring dat die CD hom beywer vir 'n samelewing wat op so 'n wyse georden is dat alle belangegroepes daarin geken word (demokratiese pluralisme), maar met die belangrike voorwaarde dat alle partye, en dit sluit gelowes in, *gelykberegtig* word. Gelykberegtiging – regverdigheid – is een van die kernwaardes vir die Christen demokrasie. Dit is gemik op die skepping van optimale ruimte/vryheid vir die ongehinderde beoefening van enige (ook godsdienstige) oortuiging. Die staat mag geen spesifieke belang, ook 'n godsdienstige belang, sonder voldoende rede ten koste van 'n ander bevoordeel nie. Voldoende rede kan byvoorbeeld insluit godsdienstige demografie. As voorbeeld dien RSG. Dit is 'n openbare sender en moet daarom vir verskeidenheid gelowes voorsiening maak. Gelykberegtiging in hierdie geval beteken egter nie dat die verskillende gelowes nou op 'n gelyke hoeveelheid lugtyd aanspraak kan maak nie. Volgende demografiese gegewens is verreweg die meeste luisteraars na die stasie van Christelike oortuiging. Dit volg dus dat die meeste lugtyd aan Christelike programme afgestaan word. Omdat Moslems ook 'n beduidende luistertal verteenwoordig, moet lugtyd ook vir hulle ingeruim word. Daarom 'n tydgleuf op 'n Vrydag. Ook die Rooms Katolieke kerk word vir dieselfde rede periodiek die geleentheid gegun om op Sondag die erediens of aandoordenking waar te neem.

Hierdie benadering neem die verantwoordelikheid vir die bevordering van 'n spesifieke godsdiens weg van die staat en plaas dit vierkantig op die skouers van die burgerlike gemeenskap. Dit is die lede van elke geloofsgenootskap se plig om hulle eie geloofsoortuigings te bevorder, nie die staat nie. Burgers wat hulle eie oortuigings op 'n meer doelgerigte wyse wil bevorder, word voor die uitdaging gestel om hulle eie instrumente te ontwikkel en uit te bou. In hierdie verband is daar reeds voorbeelde soos Radio Kansel en Pretoria FM waar van die radio gebruik gemaak word. In die Kaap is daar 'n selfonderhoudende uitsaaistase vir Islam. Elders is daar nog talle voorbeelde van gemeenskapstasies.

Die groter klem op die uitoefening van individuele verantwoordelikheid op vele terreine is inderdaad een van die sentrale praktiese konsekwensies van die Christen demokrasie.

Die groter klem op die uitoefening van individuele verantwoordelikheid op vele terreine is inderdaad een van die sentrale praktiese konsekwensies van die CD. Om CD as filosofie te aanvaar, beteken om nie te verwag dat die staat moet doen wat die burgerlike samelewing nie selfstandig kan doen nie. Die aanvaarding van individuele verantwoordelikheid, en die selfwerkzaamheid wat daarmee gepaard gaan, staan sentraal in die CD. Selfwerkzaamheid sluit in burgerlike aktivisme wat beteken dat stemme duidelik gehoor moet word, nie net oor maatskaplike sake nie, maar ook oor die ekologie.

(Vervolg op p 13)

Christen demokrasie in die samelewing (verv)

Vir sommige Afrikaners mag die sekulêre staat en die plurale demokrasie, selfs na 'n kwarteeu, vreemd voorkom, maar dit is in belang van Afrikaners en witmense in die algemeen dat daar so gou moontlik daarmee vrede gemaak word en om die nuwe en opwindende geleentheid wat dit skep, optimaal te gebruik. Om mekaar te verstaan tesame met verdraagsaamheid sal hierin 'n groot rol speel.

Wat is die uitdaging vir die toekoms? Gestroop tot die heel basiese is die dringendste die bevordering van 'n waarlik vrye-, regverdige-, omgee-gemeenskap in Suid-Afrika.* **Vryheid** (in verantwoordelikheid); **solidariteit** (besorgdheid oor en verbondenheid tot die lot van kultuurgenote sowel as oor alle mede landsburgers); en **geregtigheid** (gelykberegting, onbevooroordeeld) is die slagkreet waarmee die toekoms aangepak kan word. 'n Demokrasie wat aan hierdie vereistes voldoen, skep tegelykertyd 'n basis vir die uitbouing van die kultuureie sowel as die skepping van 'n gemeenskaplike patriotisme in hierdie land.

Ten slotte: Van watter praktiese nut is die CD benadering?

- Die CD bied 'n breë **wêreldbeskouing** wat met intellektuele integriteit verantwoord kan word;
- Dit help om **sin** en **betekenis** te vind in ons omgang met die wêreld;
- Dit help om persoonlike **identiteit** duideliker uit te druk en groter solidariteit as kultuurgroep te ontwikkel;
- Dit deel **gemeenskaplike beginsels** met ander denkrigtings wat samehorigheid/nasiebou in staatsverband kan bevorder;
- Die verankering in die Christelike geloof gee **hoop** en bestry mismoedigheid oor die toekoms;
- Die geloofsbasis **inspireer** en **motiveer** tot dienswilligheid aan alle skepsels van God, ongeag voorkoms of oriëntasie, in die samelewing;
- Dit vind **aanklank** by talryke geesgenote in die internasionale gemeenskap;
- Dit bied 'n **beginselgrondslag** vir koers en rigting in besinning oor die samelewing.

Studies oor die konsep Christelike demokrasie is reeds in groter besonderhede deur die Afrikanerbond gepubliseer. Kopieë kan aangevra word by kommentaar@abond.co.za ❖

Afrikaner Erfenisse: Wees Betrokke

Deur Emile Coetzee

Emile Coetzee 'n dosent in geskiedenis by NWU Mahikeng en is ingeskryf vir 'n MA in geskiedenis by die NWU Vaal Driehoek-kampus. Hy het ook 'n Diploma in Museum en Erfenisbestuur van die Universiteit van Pretoria.

Onlangs is ek gevra om 'n referaat te lewer by 'n spesiale simposium oor die bewaring van ons land se museum versamelings. Verskillende rolspelers in die veld, of sal mens sê die industrie van Erfenisbewaring en bestuur was teenwoordig en het aandagtig geluister en saamgesels oor 'n belangrike saak wat bitter min aandag tans geniet: Erfenis.

Is Erfenis die regte naamwoord om te gebruik? Sak die hoofde van filantropie nie wanneer hierdie spesifieke gonswoord "Erfenis" genoem word nie? Is Erfenis 'n versameling van verskillende instansies wat geld nodig om voort te bestaan maar tans bitter min wins kan vervaardig deur middel van besoekers en gepubliseerde produkte? Nee dis glad nie dit nie. Veral tasbare Erfenis-goedere, en die instansies wat daarna omsien, is ons enigste tasbare verbintenis met die verlede. Merk dat tasbare Erfenis-goedere enige iets van buitelig monumente, museum artikels, historiese terreine, grafte, slagvelde ens. kan insluit. Dit is 'n breë sambreelbegrip wat so veel as moontlik moet insluit omdat ons Erfenis-goedere in verskillende kategorieë ingedeel kan word.

Menigte politici van verskillende partye het al hul belangstelling in die geskiedenis van die land en die Erfenis goedere wat daarmee verbind kan word al aangedui. Slagspreuke soos: "Ons geskiedenis is belangrik" en "Dit is noodsaaklik om kennis te neem van ons verlede" wen die simpatie van die geleerdes en die gewone burger wat dalk nie boekkennis het nie maar verseker ernstig oor hul verlede voel. Deur middel van erfenis-goedere kan vandag se Suid-Afrikaner aan sy/haar eie identiteit bou, die verlede verstaan in die konteks waarin dit gebeur het en sodoende wyser optree ten opsigte van die verantwoordelikhede wat 'n burger van Suid-Afrika tans dra. Maar is hierdie ideaal realisties en moontlik in die Suid-Afrika van vandag?

Dit is my opinie dat die antwoord nie heeltemal ja of nee is nie. Wanneer mens kyk na die uitstekende werk wat organisasies soos die Erfenisstigting doen dan begin mens weer opgewonde raak oor wat moontlik is
(Vervolg op p 14)

Afrikaner Erfenisse: Wees Betrokke (verv)

wanneer ons tasbare en ontasbare Erfenis aan die breër publiek ten toon gestel word. Doen uself die guns en gaan kyk net hoe behoorlik hulle na spesifieke terreine kyk wat hulle in hul jaarlikse begroting na kan omsien. Terselfdertyd sal u verbaas wees om te sien hoeveel mens kan leer, ervaar en oor bepeins by die Vortrekkermonument waar die Erfenisstigting gesetel is. Sekerlik, as die Erfenisstigting nie minder as 20 jaar terug gestig was nie, sou veral Afrikaner erfenisse in hierdie land in 'n bitter moeilike posisie gewees het.

'n Reeks Suid-Afrikaanse erfenisterreine jaarliks verwoes as gevolg van jare se nalatigheid deur die verkose owerheid en die sukkelende munisipaliteite wat na die plaaslike erfenisgoedere moet omsien.

Dit is omdat mens nie die regering met enige kulturele of taal groep se erfenis kan vertrou nie. Hulle het al bewys dat hulle nie die kundigheid van erfenis bestuurders en bewaarders tot 'n maksimum kapasiteit wil in diens neem en van plaaslike tot nasionale vlak wil gebruik nie. Die Suid-Afrikaanse Erfenis Hulpbron Agentskap, onder andere, gaan gebuk onder die druk van 'n groot werkklas met 'n handjievul deskundiges wat 'n groot taak het om te voltooi met 'n begroting wat jaarliks minder word. Sodoende word 'n reeks Suid-Afrikaanse erfenisterreine jaarliks verwoes as gevolg van jare se nalatigheid deur die verkose owerheid en die sukkelende munisipaliteite wat na die plaaslike erfenisgoedere

moet omsien. In my onmiddellike omgewing kan ek kortliks twee gevallestudies hieronder uitwys wat nie net die sukkelende Noordwes provinsiale regering aan die kaak stel nie maar ook aan die leser bewys dat daar wel sukses stories is t.o.v. ons Afrikaner erfenisse.

Reg langs die N4 hoofweg sal mens die dorpie Swartruggens vind. Die dorpie het tien jaar gelede die nuus gehaal met die ongelukkige Skierlik- skietgeval wat 'n ras insident geword het. Die slagoffers is reg langs die N4, net bo die plaaslike begraafplaas, in 'n gemeenskaplike graf tot ruste gelê wat moes dien as 'n monument sodat so 'n geval nie weer sou gebeur nie. Mens sal dink dat die regering spesiale aandag aan hierdie monument sou bestee. Die Kgetleng- Rivier Munisipaliteit het die Skierlik monument vergeet. Net so is dit met die monumente van die beleg van Elandsrivier wat reg langs die bovermelde monument geleë is. Hierdie beleg het gebeur gedurende die Anglo-Boere Oorlog (1899-1902) en is glad nie bekend soos die meer bekende beleërings van Mafeking, Kimberley en Ladysmith respektiewelik nie. Die monumente op die terrein het laas aandag gekry met die eeufeesviering van die Anglo-Boereoorlog wat in 2002 tot 'n einde gekom het. Nou word hulle deur die haweloses gebruik as beskutting teen wind en weer. Tot dusver het die Kgetleng-Rivier munisipaliteit nog niks aan die terrein gedoen wat dit aantreklik sou maak aan besoekers nie. Verlaas besoekers uit Australië sou dalk belangstel omdat die Britse magte wat gedurende die beleg daar geveg het hoofsaaklik van Australië was. Hoekom hierdie bejammerenswaardige toestand? Dit kan wees omdat die munisipaliteit nie 'n kundige in die veld van erfenis bestuur het nie. Hoe anders as net 4 van die 27 Suid-Afrikaanse universiteite enige kursus aanbied wat 'n Geesteswetenskaplike kan oplei in Museum en Erfenis bestuur?

Dit is hoekom die uitstekende werk by die President M.W. Pretorius huismuseum in Potchefstroom die lof moet kry wat dit verdien. Daar is die verskilmaker die kurator wat jare se ondervinding en kennis het soos wat dit 'n goeie kurator betaam. Mnr. Johan Wolfaardt ken nie alleenlik die beperkinge van die bestuur van 'n museum nie maar besit ook die nodige kennis oor sy museum om enige besoeker, na 'n besoek, te inspireer om die oud-Transvaal se geskiedenis verder te bestudeer. Sy museum is in 'n goeie toestand, hy is altyd op diens en reg om enige besoeker deur die museum te begelei en die merkwaardige lewensverhaal van President MW Pretorius te vertel. Die museum word selfs periodiek gebruik om die plaaslike belangstellendes na spesiale geleenthede te nooi waar die lewensstyl van die middel 19de-eeu se Transvalers uitgebeeld word. Sy kuratorskap en museum is 'n perfekte voorbeeld hoe 'n dorpsmuseum, en 'n huismuseum, bestuur moet word om toeganklik vir ieder en elk te wees.

Dit is vanselfsprekend dat die publiek die toeganklikheid moet hê om hul erfenis te aanskou, bestudeer en te onderhou. Al wat van die publiek verwag word, is om 'n besoek af te lê.

Dit is vanselfsprekend dat die publiek die toeganklikheid moet hê om hul erfenis te aanskou, bestudeer en te onderhou. Sonder instansies soos die Erfenisstigting en bekwame kurators soos mnr. Wolfaardt sal dit nie moontlik wees nie. Al wat van die publiek verwag word, is om 'n besoek af te lê. Hoe meer voete deur die ingang stap hoe meer relevant word ons erfenis in ons midde. Ook so sal die meeste bewustheid oor ons erfenis, binne-in Afrikaner geleedere, geskep kan word. Daar is tans min rolspelers wat help met die bemerking van ons eie erfenis instansies. Dit is ooglopend dat die uitsaaiwese nog nie heeltemal besef het hoe hul kykers dit sal waardeur indien hul erfenis op die skerm vertoon word nie. Dit is veral nuwe media platforms

(Vervolg op p 15)

Afrikaner Erfenisse: Wees Betrokke (verv)

soos Eensgesind.com wat al die kwessie oor museum en erfenis in hierdie land met hul potgooi episodes, wat gratis afgelaai kan word, en hul beknopte artikels getakel het. Ook die feit dat die heel eerste Slimfoon toep vir Suid-Afrikaanse besienswaardighede onlangs ontwikkel is, dui aan dat daar wel mense in ons land is wat bewustheid oor ons erfenis wil kweek. Die toep se naam is Roadtrip RSA en kan reeds gratis van Google Playstore® of Apple Appstore® afgelaai word.

Moet ons dan oor erfenis bekommer? Indien 'n museum, monument of historiese terrein onder die verantwoordelikheid val van 'n nie-goedgesinde munisipaliteit dan is die antwoord ja. Die bewyse van agteruitgang van verskillende erfenisterreine, nie net Afrikaner erfenisse nie, spreek vanself. As die kampioene van erfenisbewaring en bestuur, die Erfenisstigting, daarna kyk is ek heeltemal tevrede. Die handewerk van meesterlike kurators soos mnr. Wolfaardt kan met eerste oogopslag gesien word. Daarmee is dit duidelik waar jou ondersteuning moet gaan. Hoe meer ons, ons eie gevestigde kultuur organisasies ondersteun, hoe meer kan hulle vir ons doen. Net nou spring daar 'n windlawaaï op wat sommer self alles wil regmaak met mag en dus meer skade verrig. Dit is nie 'n fiksasie nie. Dit is reeds die realiteit. Hierdie organisasies het nie die nodige kundigheid in die veld van erfenisbewaring nie. Kom ons los die bewaring van ons erfenisgoedere oor in die hande van die opgeleide en bekwame erfenis bewaarders en ondersteun hulle deur ons beperkte middele, want dan sal daar niks wees om oor te bekommer nie. ❖

Dit is Broerskap

U sou waarskynlik in die media verneem het dat die Wapadrantsubstasie op 10 Julie 2018 afgebrand het en groot dele van oostelike Pretoria vir meer as 'n week nie elektrisiteit gehad het nie.

Volgens Netwerk24 het 'n woordvoerder van die Tshwane-metro gesê die brand is vermoedelik veroorsaak deur 'n paneel in die substasie wat uitgeskop het. "Wat die spanne in 'n rekordtyd van vyf dae gedoen het, neem gewoonlik vier tot ses weke om te doen," volgens die woordvoerder

Br Wim Slabbert het sy storie met ons gedeel en plaas ons dit graag in die AB Nuusbrief want dit is onder andere wat Broerskap beteken

Dinsdagoggend 10 Julie kom alles tot stilstand in Pretoria-Oos. Die krag gaan af. Deur die dag begin ons foto's sien van die Wapadrantsubstasie in ligte laaie en almal van ons weet: Vir wie weet hoe lank sal daar nie krag wees nie!

In die week wat gevolg het, het ons beleef hoe die elektrisiteitsdepartement van Tshwane, die plaaslike stadsraadslid en die gemeenskap van Pretoria-Oos spontaan 'n massa poging aangewend het om die skade te herstel. Die Stad Tshwane het alles ingewerp om die projekte laat vlieg. Twee keer per dag is die gemeenskap ingelig oor die vordering wat gemaak is. Die werkersgroep se lewe is makliker gemaak met die voorsiening van 2 etes per dag op die terrein, sop snags, water, koeldrank, toilet papier....

Dink jouself in die situasie in: Die substasie staan op 'n oop terrein. Daar is 'n eenvoudige gebou wat die transformators huisves, 'n aantal kabeltorings en verder niks. Hier het binne 'n dag aanvanklik 50 mense toegesak en 'n dag later tot 140 mense... Die beheerstasie was 'n kombi...en die Kantien was 'n karavaan tent...

Daardie mense het 24-uur per dag gewerk. Ons het gesien hoe 'n totaal nuwe substasie langs die ou gebou staangemaak is, bedraad is en in 6 dae in bedryf gestel is.. Almal wat weet verseker ons dat hier 6 weke se werk in 6 dae gedoen is!

Ek het senior personeel vir 72-uur aanmekaar sien werk, beplanners 48 uur sonder slaap, elektrisiëns 20 uur skofte, werkers 12 uur skofte en almal praat van die opmerkbare positiewe gees wat gedurende daardie week op die terrein geheers het!

Ons het 'n proses sien afspeel wat gesprek het van tegnologiese en bestuurskundige uitmuntendheid! Ons wyksraadslid was 'n yster. Hy het met 2 vorderingsverslae per dag die gemeenskap ingelig gehou oor die vordering van die werk. Ernst Botha was permanent met sy foon besig om die pers ingelig te hou, te skakel met die Stadsbestuur, met besoekers by die hek in gesprek te bly en alles moontlik te doen om die gemeenskap te laat deel in wat daar gebeur.

(Vervolg op p 16)

Dit is Broerskap (verv)

Maar die verrassing was: Die gemeenskap van Pretoria –Oos. Spontaan het dosyne mense hande gevat en die proses op die terrein gedra met alles wat hulle kon. Die aand van die ramp sit ek, Ernst, Paulo en Madelein op 'n WhatsApp groeie en gesels oor die situasie nadat ons gehoor het herstelwerk begin die volgende dag.

Madelein vra toe: Kan ons nie iets doen om daar die mense wat in die koue dag en nag gaan werk, se lewe makliker te maak nie? Daar begin 'n proses van versorging en ondersteuning waarvoor ek verstom gestaan het. Een van ons identifiseer 'n donateur wat R10 000 skenk en daar het ons geld om die Woensdag die eerste aandete vir 50 werkers af te laai.

Ek skryf op 'n WhatsApp groeie van 2 strate waar ek bly: Ek soek mense wat 30 liter sop sal kook om die aand 9 uur af te laai. Halfuur later laai ek op 3 plekke geskenkte groente en ander nodige goed af en alles begin rol.

'n Vriend wat 'n wyer gemeenskap polisiëringsgroep hanteer, skryf op hulle groep dat ek hulp gevra het...

Toe bars 'n sluis van hulp oop. 'n Gemeenskap het besef: Hier is 'n manier om te help.. My foon bly lui, seker 200 oproepe die paar dae, drie selfoonbatterye per dag..

Ek stig 'n Help groeie, verskaf 'n bankrekeningnommer. En die hulp stroom in. Mense kom gee geld by my huis af..R3000, R600, R200, R100. Ek was verstom dat hulle ons proses so vertrou het. 'n Huis vir bejaardes kollekteer R150 en betaal dit in. n Vrou skakel en vra: Kom haal asb my bydrae R500 en 3 warm jaffles. Intussen stroom geld die bankrekening in. Ek het seker vir 30 mense moes sê: Vir die oomblik het ons genoeg...

Mense van alle rasse kom met hulle bydrae..... Dit was 'n gemeenskapping soos mens min sien. Toe water opraak laat weet iemand op die groep. In 'n uur staan daar 'n ry bottels.. 'n Jong man kom met 12 bottels daaraan .. 'n vrou laat weet: ek koop 100 bottels. Watter grootte is nodig?

'n Landgoed wat grens aan die kragstasie maak goedere bymekaar en kom laai twee motorkattebakke vol koeldrank, beskuit, koekies, lekkergoed af. Dit word 'n fees. Die naweek bring groepe spontaan braaiers en kos en kom maak dit gaar daar rondom die terrein en die kos word uitgedeel. 'n Spysenieringsfirma kom laai Saterdag 'n klomp braaiers en kole af en 'n uur later kokke en vleis. 'n pizza restaurant skakel en sê: Ons bring pizzas - hoeveel en wanneer het jy dit nodig?

Die wonderlikste ervaring was om die breë glimlagte te sien waarmee die werkers hierdie skenkings ontvang en geniet het. Die beheerpersoneel het telkens gesê dat hierdie aksie 'n sleutelrol gespeel het in die motivering van die span mense wat daardie week soveel vermag het. Een het vir my gesê: Hier voel hy vir die eerste keer in baie jare dat hulle werk waardeer word.

Dinsdagmiddag het ons die laaste 140 middagmaalpakkies gaan uitdeel... en ons was amper jammer dat die fees verby was en bly dat die besondere werkersmag die onmoontlike so maklik laat lyk het.

Die gemeenskap van Pretoria Oos se wil om goed te doen en op so 'n manier harte warm te hou, was verstommend!

Ons 4 van daardie eerste aand staan nou nog verstom oor die veldbrand van goeie wil wat hierdie week 'n fees gemaak het. Die woorde van 'n lid van die Helpgroep som alles so mooi op: " This project helps us to once again believe in humanity!" Ek dink Madiba sou geglimlag het.

Broerskap: By die lees en die weer lees van Br Wim Slabbert en andere se optrede en onvermoeide aksies in die week is dit duidelik dat naastediens nie net gepredik word nie maar ook uitgeleef en prakties gedemonstreer word. Dit is wat Broerskap beteken.

Br Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad het ook in reaksie op die terugvoer geskryf: "Ek wil eers dankie sê vir die deel daarvan maar dan nee, wat 'n voorreg vir julle om daardie skouspel van menslike meelewing en weldoen te kon beleef. Die positiewe boodskap daarvan strek nie net verder as Pretoria-Oos, Pretoria en Tshwane se grense nie maar selfs verder as die land se grense. Dit is 'n inspuiting vir ons almal en sit weer 'n huppel in elkeen se stap bloot om te weet dit is die kaliber mense wat hierdie land lewer wanneer dit nodig is. Knap gedaan en my groot agting en bewondering vir elkeen wat sy deel gedoen het en elkeen wat 'n bydrae gemaak het en my hartlike groete aan vriend Wim Slabbert. Ek is so trots. ❖

Broederskap - Die AB se Eeufeesgeskiedenis

Ons het in die weke sedert die Afrikanerbond se Eeufeesgeskiedenis (Broederskap), bekendgestel is die geleentheid gehad om kopieë van die boek te kon oorhandig aan Prof Pieter de Lange (Oud voorsitter) op 3 Julie 2018 in Pretoria en mnr FW De Klerk en Prof Francois Venter (Oud voorsitter) op 4 Julie 2018 tydens die De Klerk Stigting se konferensie oor Eiendomsreg in Parktown, Johannesburg. Op 26 Julie kon Broederskap aan oom Naude Botha (Oud Hoofsekretaris) oorhandig word by 'n spesiale geleentheid wat deur sy Afdeling (Natalspuit) in Alberton gereël is.



Die voorsitter van die Nasionale Raad, Jaco Schoeman oorhandig Broederskap aan mnr FW De Klerk en prof Pieter de Lange. (Prof de Lange was voorsitter 1983-1993)



Jan Bosman, hoofsekretaris, oorhandig 'n kopie van Broederskap aan oom Naudé Botha (hoofsekretaris 1964-1993)

Broederskap Bestellings BROEDERSKAP - EEUFEESEGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER-BROEDERBOND EN DIE AFRIKANERBOND, 1918-2018

Prof O.J.O. FERREIRA

Redakteur: Prof P.F. THERON



BROEDERSKAP

Bestel die boek direk by die uitgewer

<http://groep7-selfpublish-books.co.za/home/774-broederskap-eeufeesgeskiedenis-van-die-afrikaner-broederbond-en-die-afrikanerbond-1918-2018.html>



BROEDERSKAP

Nou ook in e-boek formaat

<https://www.kobo.com/za/en/ebook/broederskap>



Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190